

# BEWAARPLEKKE (DEPOTS)

Hierdie is persele/plekke, aangewys deur die kommissaris ingevolge artikel 6 en die bylaag tot die reëls, voorgeskryf waar bewaarplekke (depots) gevestig moet wees.

Die persoon wat sodanige depots bedryf of bestuur, moet die standarde en voorwaardes nakom soos vereis deur Doeane en moet waarborg in die voorgeskrewe formaat verskaf voordat 'n lisensie uitgereik word, verwys na [Bonds policy](#) vir meer inligting.

Die persoon wat sodanige depots bedryf of bestuur moet, sodra die depot suksesvol gelisensieer is, ook by Doeane registreer as 'n:

- Vragverslaggewer (RCG gebruiker) vir die doel van verslaggewing oor inwaartse en uitwaartse beweging van vrag vir sodanige gelisensieerde perseel deur die [RCG-stelsel](#); en
- EDI-gebruiker om sodanige verslae elektronies aan Doeane deur die [RCG-stelsel](#) te kommunikeer, verwys na [EDI user](#).

Die erfplan wat saam met die aansoekvorm ingedien moet word, moet duidelik die volgende areas aandui:

- Doeane wat wetstoepassingfunksies uitvoer;
- Fisiese inspeksie van laaikis- of lugvrag;
- Installering van skandeerders;
- Parkeerarea vir doeane-beamptes; en
- Tydelike bewaarplekke van teruggehoue of gekonfiskeerde goedere, laaikiste of lugvrag, hangende stappe wat in verband met die goedere geneem moet word.

**Daar is tans twee soorte depots:**

## Laaikis-depot

Laaikis-depots was goedgekeur ingevolge artikel 6(1)(hB) op plekke aangewys in die bylaag tot die reëls (reël 200.08). Hulle word gebruik vir bewaring, terughouding, uitpakking of inspeksie van laaikiste of die inhoud van laaikiste. Dit is hoofsaaklik vir aflewering aan invoerders van die inhoud van laaikiste na sodanige inhoud korrek ingelees is of vir die laai van laaikiste vir uitvoer.

Laaikis-depots, gewoonlik buite die hawe-area, word goedgekeur vir die doeleindes van die skep van bykomende laaikiskapasiteit, asook vir die doeleindes van die uitpak van vrag vir individuele aflewering of verpakking van goedere vir uitvoer.

Die depot-operateur moet aan die standarde en voorwaardes, soos deur Doeane vereis, voldoen en dit sluit in die voorsiening van waarborg in die voorgeskrewe vorm, voordat die lisensie uitgereik word. Jy kan ook verwys na [bonds/surety](#) vir meer inligting.

Die gelisensieerde van hierdie fasiliteit voer die volgende aktiwiteite uit op sodanige perseel:

- Berging van laaikiste totdat die inhoud vir tuisverbruik of regstreekse uitvoer geklaar is;
- Uitpak van laaikiste;
- Terughou, beslaglegging van goedere of laaikiste;
- Fisiese inspeksie van laaikiste of die inhoud van laaikiste;
- Die aflewering van die inhoud van die laaikiste aan die invoerder nadat die inhoud behoorlik ingevoer is; of
- Pakking van laaikiste vir uitvoer.

## Ontbinding-depot

Ontbinding-depot was goedgekeur ingevolge artikel 6(1)(hC) by plekke aangewys in die bylaag tot die reëls (reël 200.09). Dit stel dat lugvrag verwyder mag word uit 'n transitoloods, voor behoorlike invoer daarvan, vir die berging, terughou, uitpak of inspeksie van gekonsolideerde pakking of van die inhoud daarvan; of vir sodanige ander aktiwiteite wat deur die reël gespesifiseer mag wees.

Ontbinding-depots ingevolge artikel 64G, word gebruik vir:

- Verwydering van lugvrag uit 'n transitoloads, voor behoorlike invoer daarvan vir berging;
- Terughou van lugvrag;
- Utpak van lugvrag;
- Inspeksie van gekonsolideerde pakking of die inhoud daarvan;
- Verwydering na 'n ander ontbinding-depot; of
- Aflewering van lugvrag aan die invoerder na behoorlike invoer daarvan.

**Top wenk:** Die persoon wat sodanige depots bedryf of bestuur, moet voldoen aan die standaarde en voorwaardes, soos deur Doeane vereis, wat die verskaf van waarborg in die voorgeskrewe vorm insluit, voordat 'n lisensie uitgereik word.

Vir verdere besonderhede, verwys na die onderstaande dokument:

[Facilities Code List External Annexure](#)

### **Watter vorms word vereis om 'n laaikis-/ontbinding-depot te lisensieer?**

- [Vir die lisensiëring van 'n laaikisdepot](#) - hierdie vorm moet vanaf die registrasie- en lisensiëringsbeampte by die SARS hoofkantoor verkry word of vanaf die SARS-webtuiste.
- [DA 64G 01 Application form: Licensing of a Degrouping Depot.](#)

Vir inligting oor tydelike berging, [klik hier](#).